## REëNBELEID TYDENS STREEK EN NASIONALE SKIETKOMPETISIES VAN DIE SAJWV

- Die reënkomitee sal bestaan uit die VP: Skietsake (VPS), Takvoorsitter en Skietkoördineerder van gasheertak en ‘n lid van die skietkomitee aangewys deur die VPS.
- In geval van reën, of op betroubare inligting, kan die besluit om die skiet te kanselleer die dag voor die skiet of op die baan geneem word deur die reënkomitee.
- Die reënkomitee moet bepaal wat die laatste tyd is wat die aanvangsaflossing kan begin skiet ten einde al die aflossings te kan akkommodeer.
- Indien die skiet onder goeie omstandighede 'n aanvang neem en weerstoestande later ongunstig raak moet die skietdag voltrek word indien dit veilig is volgens die diskresie van die reënkomitee.
- *Dit staan enige skut vry om as individu te onttrek indien hy/sy nie bereid is om voort te gaan nie (wil bv. nie sy/haar toerusting blootstel aan die elemente nie)*
- Die baanoffisier kan die skiet stop waar die veiligheid van deelnemers en beamptes in gedrang kom, bv weerlig, sterk wind ens. (In so 'n geval verval al die tellings wat reeds behaal is).
- Die reënkomitee se oordeel en besluit om die skiet te kanselleer, of uit te stel, word as finaal beskou. Aangesien die reënkomitee verantwoordelik is vir die sukses of mislukking en veiligheid van deelnemers, kan hierdie besluit nie deur die skuts/deelnemers gemaak word nie.

Einde